

18 Maart

Skrifgedeelte: Genesis 37:1-36

God gebruik mense se dwaashede en sonde om sy doel te bereik

Jakob het in 'n huis grootgeword waarin daar voortrekkery was. Wat hy in sy ouerhuis ervaar het, sit hy nou in sy eie gesin voort: Hy trek vir Josef voor. Kinders maak so dikwels dieselfde foute as hulle ouers. Hulle vergeet hoe negatief hulle hierdie foute vir hulleself ervaar het. Op grond van wat Jakob in sy ouerhuis ondervind het, kon hy geweet het hoe nadelig dit vir sy eie gesin sou wees.

Die voortrekkery het Josef nie goed gedoen nie. Hy het stories aangedra en verwaand geraak. Toe daar in drome aan hom bekend gemaak is dat hy eendag 'n belangrike persoon sou wees, het hy dit nie met beskeidenheid hanteer nie. Jakob en Josef se optrede het die jaloesie van sy broers aangewakker. Dit lei tot soveel haat dat hulle hom as slaaf aan die Midianiete verkoop. Alles eindig tragies wanneer Jakob dink dat sy liefingseun dood is. Dit lyk of God nêrens in die gebeure teenwoordig is nie. Al wat 'n mens sien is voortrekkery, jaloesie, moorddadigheid en bedrog. Tog weet ons: God het Homself aan hierdie familie verbind. Hy het selfs hulle dwaashede gebruik om sy doel met hulle te bereik.

Baie jare later sou God die dwaasheid van mense gebruik om Christus te laat kruisig. Juis daardeur het God sy doel met ons bereik. God se genade was nog altyd groter as ons sonde. Hy vergewe ons nie net nie, maar kan selfs ons dwaashede en sonde in 'n positiewe rigting ombuig.

Sing: Psalm 33:6

Ds JL van der Schyff (Petrusburg/Boshof)